SINODALE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID – O.V.S.

W.O. 1195

SEKRETARIS: DS. J. L. PRETORIUS
TELEFOON: 77477

SINODALE SENTRUM
ST. ANDREWSTRAAT 147
POSBUS 1399
BLOEMFONTEIN
9300

Verwysingsnommer:
F/1

26 Junie 1978

Ds R.J.J. van Vuuren
Sinodale Sentrum
St. Andrewstraat 147
BLOEMFONTEIN
9300

Geagte broer Roelf

VALSFONTEIN

Soos aan u bekend bestaan die bestuur van Valsfontein uit ds Snyman, mnr C.R.P. Jacobs en ek. Aangesien ds Snyman siek geword het, skrywe ek aan u.

Hierby word 'n afskrif aangeheg van 'n brief van mnr C.R.P. Jacobs en my antwoord aan hom.

U sal opmerk dat mnr Jacobs op 30 Junie 'n onderhoud wil hê oor herstelwerk aan die buitegeboue en dat ek ongelukkig op gemelde datum nie in Bloemfontein sal wees nie. Ek vertrou dit sal vir u moontlik wees om mnr Jacobs te woord te staan.

Beste groete

DS J.L. PRETORIUS: SEKRETARIS: SKDB

Wanneer Jakob Kleinhans met sy bouwerk by Mnr Jacobs klaar is, sal hy na Valsfontein gaan en onder toesig van Mnr J.P. van Schalkwyk die reparasies doen. Mnr Jacobs sal met hom ooreenkom oor die besoldiging en laat weet hoeveel dit sal wees.

Kaapse en Valsfontein.

Posbus 106.
Trompsburg.
21/6/78.

Do. J. L. Pretorius,
Posbus 1399,
Bloemfontein.
Geagte Do.,

Jammer dat ek nou eers reageer op u brief van 22 Lt., maar kon ongelukkig nie gouer 'n datum vind wat my en Mnr. van Schalkwyk pas om Valsfontein te besoek nie. Op 16 deser het ek toe vir Mnr. van Schalkwyk opgelaai en alles op die plaas gaan deurkyk.

1. Ivm. klagte mnr. vd Walt mbt. grensdraad.

Na my oordeel is die klagte geheel ongegrond. Die betrokke grensdraad bestaan uit 10 draade gemeg ysterpale en ysterspanne. Mnr. v.d. Walt het 'n deel van

die lyn reeds gerepareer en nog 3 draade bygevoeg, wat na my oordeel nie nodig was nie, aangesien 10 draade meer as voldoende is om vee te keer. Die ander gedeelte is reeds deur mnr. van Schalkwyk nagesien, met die uitsondering van ±300 tree, wat hy andersaam het om ook te repareer. Die deel wat hy reeds nie klaar is lyk baie netjies. Ek sal dus aanbeveel dat u mnr. vd Walt laat weet dat ons die draad as voldoende beskou.

2. Die algemene toestand van die veld is in n goeie toestand en dit is duidelik dat die huurder die nodige moeskans aan elke kamp gee. Die lande se draade is baie netjies herstel en ± 4 morge lusern is gevestig, en daar word te-oog om nog te vestig.

3. Mnr. van Schalkwyk het die windpomp by die sinkdam

se pype met silinder, ± 60 vt pype, in die skuur gebêre. Die boorgat is heeltemal toegegroei deur boomwortels.

4. Dit is vir my duidelik dat ons wel aandag aan die buitegebouw sal moet gee, wat herstelwerk dringend nodig het. Op 30 deser het ek 'n bestelling in Bfx. en sal u dan besoek om hierdie saak te bespreek.

Ek voel egter baie gelukkig met die wyse waarop mnr. van Schalkwyk die plaas benut.

Ingeslut vind u 'n eisvorm vir reiskoste.

Met groete,
Die mee,
C.K.P. Jacobs.

SEKRETARIS
Diens van Barmhartigheid
Ned. Ger. Kerk, O.V.S
23-6-1978
Posbus 1399, Bloemfontein

SINODALE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID – O.V.S.

W.O. 1195

SEKRETARIS: DS. J. L. PRETORIUS
TELEFOON: 77477

SINODALE SENTRUM
ST. ANDREWSTRAAT 147
POSBUS 1399
BLOEMFONTEIN
9300

Verwysingsnommer:
F/1

26 Junie 1978

Mnr C.R.P. Jacobs
Onverwacht
TROMPSBURG
9913

Geagte meneer Jacobs

VALSFONTEIN

Baie dankie vir u brief van 1978-06-21 en die inligting aangaande u inspeksie van die plaas.

U vind hierby 'n afskrif van 'n brief wat ek aan mnr van der Walt geskrywe het, aangeheg.

Ongelukkig sal ek op 30 deser in Pretoria wees, en kan ons dus nie op daardie datum 'n samespreking hou nie. Ds Snyman het ernstig siek geword en is nog nie op kantoor nie.

Ek stuur egter die korrespondensie deur na ds R.J.J. van Vuuren die kollega van ds Snyman wie se kantoor op die eerste vloer van die Sinodale Sentrum is. U kan alles met hom bespreek en die nodige aanbevelings dan vir my laat kry.

Baie dankie vir u gewaardeerde samewerking. Ons stel dit baie hoog op prys en dit is van onskatbare waarde.

'n Tjekkie, waarde R25, vir reiskoste word hierby aangeheg.

Die uwe

DS J.L. PRETORIUS: SEKRETARIS: SKDB